

# Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:**

**Dr. Ernst Endres – 11 April 2021**

## 1. VOTUM

Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie,  
maar aan u Naam kom die eer toe,  
want dit is U wat liefde en trou bewys.

<sup>2</sup>Waarom sou die heidene kan sê:

“Waar is hulle God nou?”

<sup>3</sup>En dit terwyl ons God in die hemel is!

Alles wat Hy wil, doen Hy.

## 2. SEËNBEDE

Aan die gemeente van God,  
wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en geroep het  
om aan Hom te behoort, en verder aan almal,  
waar hulle ook al mag wees,  
wat die Naam aanroep van Jesus Christus,  
hulle Here en ons Here: genade en vrede vir julle  
van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

## 3. SKRIFLESING EN GEBED

**Teks: Psalm 116**

**Tema: Ek het die Here lief, want Hy het my vry gemaak**



## **Die ervaring van doodsangs.**

In die tydperk van Covid-19 het baie mense hulle in lewensgevaarlike omstandighede bevind.

### **Jesus in Getsemané**

Toe Jesus in Getsemané met God geworstel het, het Hy meermale gevra dat sy Vader die lydensbeker van Hom moet wegneem. Elke keer sou Jesus sê, "Nogtans nie my wil nie, maar U wil". Dan lees ons dat Jesus in doodsangs was en dat sy sweet soos bloedruppels geword het,

" 'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val." (Lukas 22:43,44)

So sou Hy die kruisweg volg wat uiteindelik tot sy kruisiging sou lei en die ervaring van "helse smarte". Sy kruiswoorde in die donkerste oomblik in Sy lewe, weerklink vandag nog,

"Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matteus 27:45)

### **Paulus se ervarings in Klein-Asië**

Terwyl Paulus in Klein-Asië was, skryf hy oor sy ervarings van doodsangs,

"Ons wil hê, broers, dat julle moet weet van die moeilikhede wat ons in die provinsie Asië ondervind het. Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is." (2 Korinthiërs 1:8,9)



## Die digter van Psalm 116

Die digter van hierdie lied was ook in doodsangs. In Psalm 116: 3 skryf hy,

“Bande van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp,  
ek het benoud en bekommerd geword.”

Die digter beskryf hoe hy vasgevang was in die strikke van die dood en hoe hy afgetrek word in die doderyk. Hy het vir sy lewe gevrees en hy het nie geweet of hy dit gaan oorleef nie. Die vermoede bestaan dat hy tydens die Babiloniese ballingskap uiters siek geword het en dat daar geen hoop op herstel was nie. In dié tydperk smee hy om genade en die Here het geluister.

In hierdie lied beskryf hy sy vrese, sy noodkreet, sy vertrou, genesing wat ingetree het en sy behoefte om 'n nuwe pad met die Here te loop.

### 1. DIE DIGTER BESKRYF SY EMOSIES WAT HY IN DIE TYDPERK VAN DOODSGEVAAR BELEEF HET.

- *Vrees vir die dood.* Bande van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp, ek het benoud en bekommerd geword. (v. 3)
- *Gevoel van magteloosheid.* Die Here beskerm die hulpeloses: ek was magteloos, maar Hy het my gered. (v. 6)
- *Konstant gehuil.* U het my van die dood gered: U het 'n einde gemaak aan my trane, (v. 8)
- *Is dit my einde?* Ek het in U bly glo, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my (v. 10)
- *Konstante vertwyfeling.* Ek het in my vertwyfeling besef: **vir genesing kan ek op geen mens staat maak nie.** (v.11)



## 2. SY GELOOFSINGESTELDHEID IN DIE TYDPERK VAN LEWENS-GEVAARLIKE OMSTANDIGHEDE.

- *Menslike ingrype.* Ek het besef dat ek op geen mens kan staatmaak. (v.11)
- *God is die Geneesheer.* Hy het na my geluister toe ek Hom aangeroop het. <sup>4</sup>Toe het ek die Naam van die Here aangeroop: "Here, red my tog!" (v. 2,4)
- *God is liefdevol.* Die Here is genadig en regverdig, ons God ontferm Hom oor ons. (v. 5)
- *God beskerm.* Die Here beskerm die hulpeloses: ek was magteloos, maar Hy het my gered. (v. 6)
- *Bly glo ondanks agtergang.* Ek het in U bly glo, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my (v. 10)

## 3. DIE DIGTER WORD BEVRY VAN DIE TOUE VAN DIE DOOD: GENESING TREE IN!

"Ek het die Here lief, want Hy verhoor my smeekgebede.

Hy het na my geluister toe ek Hom aangeroop het."

- *Gered.* Die Here het goed aan my gedoen: U het my van die dood gered. (v. 8a)
- *Trane.* U het 'n einde gemaak aan my trane. (v. 8b)
- *Struikel.* U het gesorg dat ek nie weer struikel nie. (v. 8c)
- *Land van die lewendes.* Ek kon voor die Here bly wandel in die land van die lewendes. (v. 9a)
- *Bevry van die toue van die dood.* Ek is u dienaar, Here, van my geboorte af is ek al u dienaar: U het my vry gemaak.
- *Kom tot rus.* Ek moet nou tot rus kom, die Here het goed aan my gedoen! (v. 7)
  - *Jesus:* Vader in U hande gee Ek my gees oor!
  - *Digter:* Ek moet tot rus kom. Hy nooi sy siel om uit die doderyk terug te keer huistoe, na die "ordeal" in die strikke van die dood en die ervaring in die doderyk!



#### 4. 'N TOTALE NUWE INGESTELDHEID WORD GEBORE UIT DIE TRAUMA VAN "DOODSANGS" (V. 12-19)

"Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my?"

- *Drankoffer.* Met 'n drankoffer sal ek van sy redding getuig en die Naam van die Here aanroep. (v. 13)
- *Geloftes.* My geloftes aan die Here sal ek betaal in die teenwoordigheid van sy hele volk. (v. 14)
- *Dankoffer.* Ek wil U loof met 'n dankoffer, ek wil die Naam van die Here aanroep. (v. 17)
- *'n Nuwe filosofie oor die word gebore: kosbaar!* Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie. Ek is u dienaar, Here, van my geboorte af is ek al u dienaar: U het my vry gemaak. (v. 15,16)

"Ek het die Here lief, want  
Hy het my smeekgebede  
verhoor." AMEN!

#### 4. SEËNBEDE:

<sup>2</sup>Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood,  
mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.

<sup>3</sup>Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom,  
u bystaan uit Sion.

<sup>4</sup>Mag Hy al u graanoffers onthou  
en u brandoffers aanneemlik vind. Sela

<sup>5</sup>Mag Hy u gee wat u hart begeer  
en al u voornemens laat geluk.

<sup>6</sup>Ons sal juig oor u oorwinning  
en in die Naam van ons God  
die vaandels ontplooi.

Mag die Here alles gee wat u vra. AMEN!



## 5. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

Met trots geborg deur:

An advertisement for 'The Pie Crew Winmore'. The top section features a collage: on the left, two golden-brown pies on a white napkin; in the center, a hand holding a pie with the company logo 'THE PIE CREW' overlaid; on the right, coffee beans spilling from a burlap sack labeled 'COFFEE'. Below this is a black box with white text: 'www.thepiecrew.co.za' at the top left, 'THE PIE CREW WINMORE' in large bold letters in the center, and two email addresses at the bottom: 'thepiecrew1@gmail.com' and 'thepiecrew.winmore@gmail.com'.

www.thepiecrew.co.za

**THE PIE CREW  
WINMORE**

thepiecrew1@gmail.com  
thepiecrew.winmore@gmail.com

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede. Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

[kantoor@ngkerkwonderpark.co.za](mailto:kantoor@ngkerkwonderpark.co.za)

